

**“SOLIDARITEIT
ONDERHANDEL
OOREENKOMSTE EN
PLAAS DIPLOMATIEKE
DRUK OP DIE REGERING”**

**SOLIDARITEIT
BESKERMINGS-**

**“SOLIDARITEIT STAAN OP
TEEN RASSE-
WETTE”**

Met 'n Regsfonds van R7 miljoen, klagtes by die
Verenigde Nasies en internasionale druk op die
regering, word jou reg op werk beskerm.

HOOP VIR 'N NUWE TOEKOMS



DIE SOLIDARITEIT-BESKERMINGSPLAN

Hoop vir 'n nuwe toekoms

Hoop lê nie net in self doen nie, maar ook in saam doen. Saam is Solidariteit-lede sterk en sal ons 'n toekoms bou waarin ons kinders kan bly. 'n Toekoms is nie moontlik sonder inkomste nie, en inkomste is nie moontlik sonder werk nie. Die Beskermingsplan beskerm – lede se werk en hulle kinders se toekomstige werk – én dit organiseer gemeenskappe om mekaar se inkomste te beskerm. Dit is die grootste poging nóg om sowat 200 000 gesinne se energie op een plan te rig.

'n Beskermingsplan – om nie net 'n onstuimige ekonomie te oorleef nie, maar om daarin te floreer!

Ons het rede vir hoop, Afrikaners was nog nooit in só 'n groot kollig nie. Die regering se onbillikheid was nog nooit so ontbloom soos nou nie en internasionale steun was nog nooit so gretig om ons by te staan nie. Maar saam moet ons vir onself 'n toekoms skep, en die geleentheid self as 'n gemeenskap benut. Wees deel van 'n oomblik in die geskiedenis – *die oomblik toe ons hoop vir 'n nuwe toekoms, werklikheid word!*

**“Hoop lê nie net in self doen
nie, maar ook in saam doen”**

INLEIDING

Solidariteit het 'n omvattende program saamgestel om sy meer as 200 000 lede en die groter gemeenskap se werk te beskerm. Die program behels veldtogte en litigasie teen rassewette, insiggewende opleidingsprogramme, tegnologie om werk te fasiliteer, beroepsnetwerke, internasionale veldtogte, nuwe slimtegnologie om arbeidsregshulp te verbeter en vele meer. Dié program beskerming aan Solidariteit-lede in onsekere tye.

Die Amerikaanse president, Donald Trump, het Suid-Afrika onder die kalklig geplaas. Vir lank was Suid-Afrika die wêreld se gunsteling en is daar weggekyk van die regering se skadelike en uitgediende linkse beleid. Dié beleid het oor die afgelope 30 jaar stadigaan die ekonomie weggekalwe en poste vernietig. Suid-Afrika het 'n rekord werkloosheidsyfer en daar is groot werkonsekerheid onder sy mense.

Oor die afgelope 30 jaar het die Suid-Afrikaanse regering ook 'n roekelose internasionale beleid teenoor sy Westerse bondgenote en veral die VSA gevoer. Die spanning tussen die twee lande het oor die dekades heen opgebou. Dit het nou 'n breekpunt bereik. Die verbrokkelende verhouding hou baie negatiewe gevolge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in. Dit kan die einde beteken van ons ooreenkoms ingevolge die Wet op Groei en Geleentheid in Afrika (Agoa) en enige gunstige bilaterale ooreenkomste.

Die Solidariteit Beweging het onlangs 'n besoek aan die VSA afgelê. Die afvaardiging wat die VSA besoek het, het vir die land, én spesifiek vir die behoud van Agoa en ons bilaterale verhouding, ingetree. Die afvaardiging het ook gevra dat diplomatieke druk op die Suid-Afrikaanse regering gehou moet word sodat skadelike beleidsrigtings aangepas word. Dit sluit onder andere skadelike rassebeleide in.

Die Suid-Afrikaanse regering hanteer die diplomatieke krisis tussen die twee lande verkeerd op alle vlakke. Dit kan tot verdere ekonomiese druk en werkverlies lei.

“SOLIDARITEIT STAAN OP TEEN RASSE- WETTE”

Met 'n Regsfonds van R7 miljoen, klagtes by die Verenigde Nasies en internasionale druk op die regering, word jou reg op werk beskerm.

WAT IS DIE BESKERMINGSPLAN?

Die Beskermingsplan is 'n omvattende werkbeskermingsprogram wat honderde duisende mense se werk gaan beskerm. Die primêre fokus sal Solidariteit-lede wees, maar die gevolg sal wees dat nog vele meer mense se werk hierdeur beskerm sal word. Solidariteit het al 30 jaar gelede voorsien dat die regering se skadelike ideologie groot skade aan die ekonomie en werk gaan veroorsaak.

Solidariteit werk dus al 30 jaar aan antwoorde vir tye soos dié. Ons is slag gereed om ons lede te beskerm.



“Die hoop vir 'n nuwe toekoms,
word 'n werklikheid”

VEG, BOU EN BESKERM

Ons plan staan op drie pilare: veg, beskerm en bou. Ons gaan skadelike beleidsrigtings soos rassewette op alle fronte beveg, ons gaan werk op nuwe maniere beskerm danksy die nuutste tegnologie en ons gaan instellings bou waar ons jong mense met kennis gaan toerus sodat hulle voor in die ry kan staan wanneer dit by werk kom.

Veg:

Solidariteit veg teen 'n regering wat steeds diskriminerende beleide wil implementeer deur grootskaalse hofgevegte en deur die gebruik van internasionale hefboome wat die Suid-Afrikaanse regering kan dwing om sekere beleidsveranderinge te implementeer.

Bou:

Terwyl Solidariteit veg teen ongeregtigheid, bou ons ook 'n beter toekoms vir ons kinders. Ons versnel die bou en uitbreiding van opleidingsinstellings. Ons bou nuwe verhoudinge buite die land se grense wat Solidariteit-lede die geleentheid gee om hier

te bly, maar steeds in dollar te kan verdien. Ons bou meganismes waarop Solidariteit-lede geld kan belê, wat nie deur die regering se onstuimighede beïnvloed word nie. Ons bou ook 'n werkfasiliteringsportaal verder uit, wat mense geleentheid gee om op meriete vir werk te kan aansoek doen. Ons bou ons eie oplossings en lede is sentraal tot dit.

Beskerm:

Die kern van die beskermingsplan is immers om lede se werk te beskerm. Op grondvlak word lede bygestaan, met een van Suid-Afrika se grootste arbeidsregspanne sodat hulle nie hulle werk verloor as gevolg van hulle ras nie. Beroepsnetwerke word gedigitaliseer sodat mense binne hulle beroepe sterker weerstand kan bied.

“Ons werk is om te veg, bou en te beskerm”

BESKERMINGSPLAN: VIER FRONTE VAN BESKERMING

Die staat stort ineen, ons werkloosheidsyfer is die hoogste ter wêreld en die ekonomie sien rooi. Maar daar is hoop. Jou werk is jou inkomste, en jou inkomste help om 'n toekoms vir jou en jou gesin te verseker. Solidariteit loods 'n beskermingsplan wat Solidariteit-lede op vier fronte gaan help om hulleself te

verskans teen die moeilike ekonomiese tye wat aanbreek. Solidariteit-lede gaan teen diskriminasie beskerm word, hulle toegang tot opleiding gaan beskerm word, hulle inkomste moet veilig wees en ons moet Afrikaners ook op 'n internasionale front beskerm.



**“SOLIDARITEIT
ONDERHANDEL
OOREENKOMSTE EN
PLAAS DIPLOMATIEKE
DRUK OP DIE REGERING”**

1

Beskerming teen diskriminasie

Suid-Afrika het hom tydens die oorgang in 1994 tot nierassigheid verbind. Ongelukkig is hierdie ideaal nie verwesenlik nie, want 30 jaar later is Suid-Afrika steeds een van die mees rasgereguleerde lande ter wêreld.

Die ANC het drie stukke rassewetgewing geïmplementeer wat oënskynlik gebruik moet word om die gevolge van apartheid te probeer regstel – regstellende aksie, voorkeurverkryging en swart ekonomiese bemagtiging.

In praktyk het hierdie wetgewing gelei tot 'n al hoe groter rassifisering van elke aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie beleide het geen betekenisvolle impak gehad op die vermindering van ongelykheid, armoede of werkloosheid nie, maar het eerder daarin geslaag om 'n nuwe soort rasgebaseerde selfverryking te skep deur sogenaamde "tenderpreneurs" en kaderontplooiing.

Uiteindelik keer die rasvereistes wat deel van hierdie wetgewing vorm buitelandse belegging af en belemmer dit ekonomiese groei, wat tot hoër werkloosheid en groter armoede onder alle Suid-Afrikaners lei.

Op grondvlak het hierdie beleide tot absurdeiteite gelei, soos sportspanne wat verloor omdat hulle nie "demografies verteenwoordigend" genoeg is nie, of die regering wat tydens Covid-19 hulpfondse


daargestel het waarvoor slegs swart sakelui aansoek kon doen.

Rasgebaseerde wetgewing keer buitelandse belegging af en belemmer ekonomiese groei. Daarbenewens maak die regering se wydverspreide sosiale ingenieurswese van die arbeidsmark dit onnodig moeilik om sake in Suid-Afrika te doen.

Ongelykheid

Suid-Afrika staan wêreldwyd bekend as die mees ongelyke land ter wêreld, met 'n Gini-koëffisiënt van 0,67 in 2020. Tog het ongelykheid in Suid-Afrika verander van hoofsaaklik ongelykheid tussen rasse-groepe na ongelykheid binne die swart bevolkingsgroep. In 2019 het ongelykheid binne groepe tot 69% van die totale ongelykheid bygedra, terwyl ongelykheid tussen groepe beduidend afgeneem het.

Figuur 2.8: Gini-koëffisiënt (inkomste per capita) deur bevolkingsgroep (2006, 2009, 2011 en 2015)




Bron: Poverty Trends in South Africa – Stats SA

Beskerming teen diskriminasie

Rasgebaseerde regstellende beleide het dus daarin geslaag om ongelykheid tussen bevolkingsgroepe te verminder, maar het ongelykheid binne die swart bevolkingsgroep só laat toeneem dat dit nou die grootste deel van ongelykheid in Suid-Afrika uitmaak. Hierdie beleide het 'n klein swart elite geskep wat besonder goed gevaar het, sonder om algehele ongelykheid te verminder.

Armoede

Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) per capita het die afgelope 30 jaar in werklikheid gestagneer. Wanneer mens BBP per capita in Amerikaanse dollar vergelyk, is Suid-Afrika tans onder 2008 se vlakke.



Bron: World Bank Data

Al het Suid-Afrika beduidende groei in die vroeë 2000's getoon, het dit sedertdien dramaties verlangsaam. Die land het nooit werklik van die 2008-resessie herstel nie en was reeds in 'n tegniese resessie voordat die Covid-19-pandemie die wêreld getref het.


Ten spyte van groot uitdagings om groei aan te dryf, het die ANC-regering rasgebaseerde wetgewing stelselmatig verskerp en toegang tot die Suid-Afrikaanse mark nog moeiliker vir buitelandse beleggers gemaak.

Werkloosheid

Suid-Afrika het van die hoogste werkloosheidsyfers ter wêreld. Tans staan dit op 31,9% volgens die eng definisie, en 41,9% wanneer moedelose werksoekers ingesluit word.

Wat besonders opvallend is, is dat werkloosheid oor die afgelope drie dekades toegeneem het, en as 'n mens spesifiek na werkloosheid onder swart mense kyk, is die prentjie besonder donker.

Beskerming teen diskriminasie



Bron: QLFS 2024 Kwartaal 4 – Stats SA

Dit is duidelik dat werkloosheid onder swart mense nie afgeneem het nie, ten spyte van wetgewing wat uitdruklik daarop gemik is om swart ekonomiese deelname te verhoog.

Uiteindelik beteken Suid-Afrika se lae-groeiwerklikheid dat die werkloosheidskrisis net vererger het. Regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging het geen impak gehad op die vermindering van werkloosheid of armoede onder swart mense nie.

Met die implementering van regstellende aksie wat te dikwels beteken het dat wit werkers hulle werk vir swart werkers moes afstaan, is dit eenvoudig nie moontlik vir hierdie beleid om werkloosheid en armoede wesenlik aan te spreek nie. Selfs al sou elke wit werker se pos deur 'n werklose swart werker vervang word, sou die werkloosheidsyfer onder swart mense slegs van 46% tot 38% (uitgebreide definisie) daal.

Beleide wat herverdeling bo groei plaas, sal eenvoudig nie die probleme van swart armoede, ongelikheid en werkloosheid oplos nie.

Intensifisering van rasgebaseerde wetgewing

Ten spyte van oorvloedige bewyse dat hierdie beleide glad nie hulle doelwitte bereik het nie – en in werklikheid die teenoorgestelde uitwerking gehad het – het die Suid-Afrikaanse regering jaar na jaar die rasgebaseerde wetgewing verder geïntensifiseer.

Rasfonds

In 2025 se staatsrede het president Ramaphosa aangekondig dat die regering beplan om oor die volgende vyf jaar R100 miljard te bestee aan die opstel van 'n fonds wat uitsluitlik aangewend sal word om besighede in swart besit te finansier.

Die fonds sal na bewering die bestaande B-BBEE-kodes van goeie praktyk gebruik, asook 'n bykomende belasting op samesmeltings en verkrygings om fondse vir hierdie rasgebaseerde transformasiefonds in te samel.

Ten spyte van weerstand vanuit georganiseerde besigheid het die ANC-geleide regering eenvoudig voortgestoom met die samestelling van hierdie rasfonds.

Uiteindelik is die rasfonds op 5 Mei 2025 geloods met die uitdruklike doel om slegs finansiële ondersteuning te bied aan ondernemings wat in swart besit is.

Beskerming teen diskriminasie

Sektorale teikens vir gelyke indiensneming

In 2025 het die Departement van Arbeid sektorale teikens vir gelyke indiensneming (regstellende aksie) gepubliseer.

Die gevolg van hierdie teikens is dat alle kwalifiserende ondernemings aan regerings-bepaalde demografiese teikens moet voldoen. Die regering het nie met die oorgrote meerderheid sektore gekonsulteer nie, maar verkies om gesentraliseerde teikens te publiseer, gebaseer op of die nasionale ekonomies aktiewe bevolking (EAB) of die EAB van 'n spesifieke provinsie. Nie-nakoming kan volgens wet lei tot boetes van tot 10% van 'n onderneming se omset.

Die teikens vir gelyke indiensneming laat geen afname in verteenwoordiging toe nie wat beteken dat, sodra 'n werkgewer 'n spesifieke teiken vir 'n sekere rassegroep bereik het, daardie vlak van verteenwoordiging vir ewig gehandhaaf moet word. Dit is dus nie 'n tydelike regstelling nie, maar eerder 'n ewigdurende diskriminasie.

Gegewe die huidige teikens blyk dit dat daar ongeveer 70 000 wit mans in die arbeidsmark vervang gaan moet word met ander rassegroepe ten einde die departement se teikens te haal. Veral in vervaardiging, groothandel en informasie-dienste moet duisende wit mans op die C en D-band deur ander rassegroepe vervang word.

Solidariteit-lede doen dit self, hulle veg saam, bou saam en beskerm mekaar

Beskerming teen diskriminasie

Aksieplanne

Solidariteit se antwoord op die rasse-diskriminasie is eenvoudig – hierdie wetgewing moet stopgesit word. Ten einde 'n nierassige Suid-Afrika te skep kort daar einddatums en sonsakklousules vir hierdie diskriminerende stukke wetgewing.

Daarom gaan Solidariteit die volgende aksiestappe neem om ons lede teen rassewetgewing te beskerm.

- **Regsfonds om rassewette te beveg**

Solidariteit gaan 'n Regsfonds van R7 miljoen loods om op groot skaal plaaslik teen die land die rassebedeling te litigeer en om internasionale klagtes te lê en veldtogte te voer.

- **Klagte by die VN oor die uitfasering van rassewette**

Solidariteit gaan 'n klagte by Verenigde Nasies se Menseregtekommissie oor die uitfasering van rassewette in Suid-Afrika lê. Hierdie klagte gaan gepaard met 'n versoek dat 'n spesiale rapporteur SA besoek ten einde die omvang van rassediskriminasie hier te ondersoek. So ook gaan Solidariteit vra vir internasionale mediasie om die proses, wat rassewette uitfaseer, te fasiliteer.

- **Memorandums en gesprekke met G20-lande**

Solidariteit gaan memorandums oorhandig en gesprekke voer met die regerings van Europese lande met 'n spesifieke fokus op die G20-lande. Die oogmerk van hierdie gesprekke is om Europese regerings te versoek om druk op Suid-Afrika te plaas ten einde die vernietigende beleid van die ANC-regering te verander.

Uiteindelik wil Solidariteit Suid-Afrika se regering dwing om die land beleggingsvriendelik te maak – daarvoor is 'n groot fokus op privaat eiendomsreg en 'n uitfasering van rassewette nodig.

- **Hofstukke word teen nuwe rasregulasies beteken**

Ten spyte van 'n onderhandelde skikking teen ras as absolute maatstaf het die regering voortgegaan om in April 2025 steeds sektorale teikens te publiseer wat niks anders as ras in ag neem nie. Hierdie is nie net 'n verbreking van die onderhandelde skikking tussen Solidariteit en die regering nie, maar dit druis ook lynreg in teen internasionale riglyne rondom die toepassing van gelyke indiensneming.

Beskerming teen diskriminasie

- *Hofstukke word beteken vir die regering se minagting van die hof*

Hofstukke word beteken om die regering van minagting van die hof aan te kla. Die regering het bloot gekies om die hofbevel rondom gelyke indiensneming te ignoreer met die publiserings van die nuwe rasregulasies. Omdat hierdie hofbevel uit 'n internasionale klag spruit wat Solidariteit by die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) gelê het, gaan daar weereens na die internasionale liggaam gedraai word met 'n klag teen die Suid-Afrikaanse regering.

- *Bekendstelling van verslag oor ware koste verbonde aan rassewet*

Die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) stel 'n omvattende verslag bekend wat die koste verbonde aan Suid-Afrika se rassewet uiteensit. Die harde realiteit is dat hierdie beleid kostes vir almal in die land opjaag ten einde 'n klein elite te bevoordeel. Sonder die ANC se rassewet kan Suid-Afrika miljarde rande spaar wat in infrastruktuur, polisieëring en opleiding belê kan word ten einde belegging te lok en ekonomiese groei aan te wakker.



2

Beskerming van opleiding

“In selfdoen is daar áltyd hoop”

Volgens regeringstatistiek handhaaf Suid-Afrikaanse skole 'n goeie slaagsyfer onder matrikulante van ongeveer 87,3% in 2024. Tog, wanneer vroeë skoolverlaters bygereken word, is die ware slaagsyfer veel eerder 50%. Hierdie gebrekkige opleidingstelsel laat Suid-Afrika se ekonomie met beide rekordhoë werkloosheid asook 'n enorme vaardigheidsstekort.

Statistiek Suid-Afrika se nuutste werkloosheidsyfers toon dat vroeë skoolverlaters en matrikulante se werkloosheidskoers 38,2% en 33,8% onderskeidelik is. Terselfdertyd is die werkloosheidskoers vir universiteitsgrade en tersiêre opleiding 8,7% en 19,8% onderskeidelik.

Terselfdertyd toon die nuutste *Income and Expenditure Survey (IES) 2022/2023* dat huishoudings waarvan die hoof van die huishouding tersiêre opleiding het drie keer meer per jaar verdien as die nasionale gemiddelde inkomste in Suid-Afrika en vier keer meer verdien as huishoudingshoofde wat slegs matriek het.

Opleiding is die groot veranderlike wanneer dit kom by die kry van 'n goeie werk en verdien van 'n goeie inkomste.

Deur opleiding word Solidariteit-lede bemagtig sodat hulle nie bloot inflasieverwante verhogings kry nie, maar eerder hulle inkomste eksponensieel kan verhoog.

Opleiding help ons lede en gemeenskap om ver bo hulle gewigsklas te kan boks.

**BESKERMING
VAN OPLEIDING**
BEPLANNING VIR EIE OPLEIDINGSINSTELLINGS
SOOS SKOLE EN MEER KAMPUSSE
VIR TERSIÊRE STUDIE WORD DRASTIES BESPOEDIG

Beskerming van opleiding

Aksieplanne

Solidariteit beskerm sy lede deur opleiding deur die volgende:

- *Beplanning vir die bou van skole word bespoedig. Gimnasium Pretoria dien bouplanne in*

Die hart van die volgende geslag se toekoms van werk lê in goeie skool-onderrig.

Solidariteit gaan deur die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Wolkskool en ander hulpmiddels, openbare en onafhanklike skole help om uitnemend te bly.

Omdat ons skole te belangrik is om in die staat se hande alleen te laat, gaan Solidariteit ook die bou van 'n nuwe Afrikaanse skolekonsessienetwerk ondersteun.

Die Gimnasium-konsessienetwerk gaan Afrikaanse gemeenskappe in staat stel om self onafhanklike skole te bou wat wêreldklas en Afrikaans is. Bouplanne vir Fase 1 van Pretoria Gimnasium is reeds op 1 Julie 2025 ingehandig waarna Solidariteit 'n wêreldklas skool gaan bou.

- *Sol-Tech se werkwinkelkapasiteit gaan vergroot word. So ook word daar 'n vaktoetssentrum, koshuise en sportgronde vir Sol-Tech gebou.*

Ambagte is die hartklop van enige ekonomie. Sonder die kernvaardighede wat ambagte verskaf stop die moderne wêreld soos ons dit ken.

Solidariteit gaan sy ambagopleidingsaanbod nog verder vergroot.

Sol-Tech, Solidariteit se beroepsopleidingskollege, se werkwinkelkapasiteit gaan vergroot word. So ook word daar 'n vaktoetssentrum, koshuise en sportgronde vir Sol-Tech gebou.

- *Bo-Karoo Opleiding in Orania gaan 'n nuwe kampus, nuwe werkwinkels en nuwe studentebehuisings kry. Die proefplaas vir landboustudente word nog verder uitgebrei.*

Bo-Karoo Opleiding in Orania gaan 'n nuwe kampus, nuwe werkwinkels en nuwe studentebehuisings kry. Teen die eerste kwartaal van 2026 gaan die volgende werkwinkels vir Bo-Karoo Opleiding gebou word. Die proefplaas vir landboustudente word nog verder uitgebrei. Sodoende bemagtig ons toekomstige boere en bouers.

Beskerming van opleiding

- *Helpende Hand Opleidingsinstituut bied in 2026 sy eerste voljaar-opleiding van versorgers aan.*

Daar is 'n enorme tekort aan tuisversorgers in Suid-Afrika. Solidariteit help deur die Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut om opleidingskapasiteit nog meer te vergroot ten einde meer tuisversorgers te verskaf.

Teen Februarie 2026 gaan dié kursus op voljaarlikse basis aangebied word wat nog meer studente die geleentheid sal gee om hierdie broodnodige beroep te betree.

- *Akademia se Paarl-kampus word geopen*

As privaat Afrikaanse en Christelike universiteit is Akademia se rol in opleiding onontbeerlik. Met die verval van tradisionele openbare Afrikaanse universiteite is Akademia die Afrikaanse gemeenskap se antwoord.

Ons sal self ons kinders oplei.

Weens aanvraag brei Akademia in Februarie 2026 uit na die Wes-Kaap met die opening van 'n Paarl-kampus.

- *Grond word gebreek op Akademia se Pretoria-kampus*

In die eerste kwartaal van 2026 breek Kanton grond vir die bou van die grootste kultuurprojek wat Afrikaners nog aangepak het – Akademia se Pretoria-kampus.

Dit is 'n projek wat R3,2 miljard beloop en 'n enorme belegging in Afrikaanse opleiding.

Die boodskap is onmisbaar – ons is hier om te bly.

Solidariteit is nie die ontwikkelaar nie, maar die grootste aandeelhouer in Kanton. Solidariteit-lede is dus betrokke by hierdie reuse-kultuurprojek met duisende klein bydraes.



3

Beskerming van inkomste

“Jou inkomste is jou toekoms, ons móét ons toekoms beskerm”


Daar is tans in Suid-Afrika ongeveer 2,7 miljoen Afrikaners. Afrikaners se bevolking is in getal groter as die van verskeie soewereine state soos byvoorbeeld Botswana, Sloewenië en Albanië.

Terselfdertyd is Afrikaners 'n absolute minderheid in die groter Suid-Afrika waar hulle slegs ongeveer 5% van die totale bevolkingsyfer verteenwoordig.

Afrikaners is 'n unieke, presterende en kwesbare minderheidsgroep in Suid-Afrika. As absolute minderheidsgroep het Afrikaners spesiale beskerming en strukture nodig ten einde te kan bydra tot die welvaart van hulle gemeenskappe en die groter Suid-Afrika.

Solidariteit is en bly 'n Suid-Afrikaanse organisasie. Ons lede is Afrikaners wat geen ander land as Suid-Afrika ken nie.

Ongelukkig is Suid-Afrika al vir 'n geruime tyd in ernstige ekonomiese gevaar onder die ANC se wanbestuur.



Suid-Afrika BBP-groei per jaar. Bron:
<https://tradingeconomics.com/south-africa/gdp-growth>

Met die uitsondering van die Covid-19-pandemie het Suid-Afrika die laaste 10 jaar anemiese ekonomiese groei getoon.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is uiters vatbaar vir eksterne skokke soos getoon in die 2008 en 2020 ekonomiese krisis. Vernietigende binnelandse ekonomiese beleid het herstel na beide hierdie ekonomiese krisisse kwaai belemmer. Tans is die internasionale donderwolke weereens besig om saam te pak.

Dit plaas die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n uiters kwesbare situasie met min reserves om nog skokke te hanteer.

Beskerming van inkomste

Plaaslik is die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) op wankelrige bene. Indien die RNE sou inplof en daar 'n terugkeer na die ANC of EFF se ekonomiese beleid is – sal dit verreikende gevolge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie inhou.

So ook is die verbokkeling van die verhouding tussen Suid-Afrika en die VSA 'n uiters kommerwekkende ekonomiese verwikkeling. Indien die VSA, Suid-Afrika se tweede grootste handelsvennoot, verdere tariewe op kernsektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie instel gaan dit ernstige ekonomiese skade tot gevolg hê.

Alhoewel Suid-Afrika enorme ekonomiese potensiaal het, word dit tans deur politiek vermors.

Suid-Afrikaanse burgers dra een van die swaarste belastinglasse ter wêreld. Tog word die staatsmasjinerie daaglik verder uitgehol – op die beste deur onbevoegdheid en op die slegste deur korrupsie en staatskaping.

Die Suid-Afrikaanse staat se vermoë om dienste te lewer het dramaties verval – terselfdertyd is die regering se finansies beroerd. Tans gaan 22c van elke rand se belasting wat betaal word net vir rente op skuld. Opeenvolgende ANC-regerings het Suid-Afrika se finansies in 'n benarde toestand in wanbestuur en besteel.

Ekonomies is Suid-Afrika ongelukkig tans in die moeilikheid met 'n groot moontlikheid van nog moeiliker tye wat voorlê.

STAATS- KAPING

Aksieplanne

Solidariteit gaan lede se inkomste beskerm deur die volgende aksiestappe te neem:

- **Bekendstelling van 'n arbeidsregskletsbot**

Solidariteit se Regsafdeling, organiseerders en verteenwoordigers in die veld beplan om duisende lede te beskerm deur regs-aksies en pro-aktiewe arbeidsverhoudinge.

Ons is al jare lank besig met arbeidsgeskille – Solidariteit se beskermingsplan is daar om te verseker dat lede se werk beskerm word sodat hulle kan aanhou om vir hulle gesinne te voorsien. Kunsmatige intelligensie gaan gebruik word om 'n arbeidsregskletsbot te ontwikkel wat Solidariteit se kundigheid en beskerming in die werkplek maklik kan skaal na duisende lede toe. Dit is daarop gemik om lede met vinnige en veilige arbeidsregs-advies te bedien met die rugsteun van een van die grootste en beste arbeidsregs-afdelings.

- **Beroepsnetwerke se volgende fase word bekendgestel**

Mense soek beskerming in en vir hulle beroepe. Solidariteit het reeds beroepsnetwerke gevestig in al die groot beroeps-rigtings. Beroepsnetwerke is 'n plek waar lede mekaar help om werk te kry, om die beroep te beskerm, om netwerke te vorm en veral om jong mense te help om die

beroep te betree. Met groter ekonomiese druk is dit kritiek dat Solidariteit-lede inskakel by 'n netwerk van enersdenkende beroepslui as lanseerplatform en veiligheidsnet.

Die Solidariteit-sosialemediaplatform gaan beroepsnetwerke moeiteloos maak vir Solidariteit-lede. Sodoende kan lede mekaar makliker help en beskerm in die komende ekonomiese storm.

- **Grootskaalse werkfasilitering, beide plaaslik en internasionaal**

Solidariteit se platform is gebou om werk op groot skaal te fasiliteer. Teen Desember 2025 sal daar meer as 3 500 werkgewers op die platform geregistreer wees wat vakante poste daar plaas.

Ons platform bring werkgewers en werknemers suiwer op meriete bymekaar. Daar word geen rasvereistes vir poste op die Solidariteit-platform geduld nie – slegs meriete tel. Solidariteit se platform gaan spesiaal ingespan word om internasionale aanlyn werk ook vir lede te kan fasiliteer. Sodoende kan ons gemeenskap en ons lede die geleentheid kry om in dollars te verdien, maar in rande te leef.

Solidariteit se platform bied sodoende die beste beskerming teen die Suid-Afrikaanse regering se swak ekonomiese beleid vir Afrikaners.

Beskerming van inkomste

- *Solidariteit gaan beding vir belastingaftrekkings waar burgers intree vir staatsfunksies*

Suid-Afrikaanse burgers word van die swaarste ter wêreld belas. Buiten die geweldige hoë inkomste-belasting betaal meeste Suid-Afrikaanse burgers dubbele belasting omdat die staat eenvoudig nie sy werk doen nie. Belasting is veronderstel om veiligheid, mediese dienste, onderwys, infrastruktuur en meer te befonds, maar prakties moet baie burgers met hulle privaat fondse meeste van daai funksies befonds (t.s.v. hulle belastingbydraes). Of dit privaat veiligheidsmaatskappye is of self die regmaak van slaggate is, burgers betaal belasting, maar ontvang nie dienste nie – net minagting en korrupsie. Solidariteit gaan beding vir belastingaftrekkings waar burgers intree vir staatsfunksies.

- *Bekendstelling van verslag oor waarde van belastinggeld*

Die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) onderneem tans navorsing om aan te dui hoeveel waarde burgers waarlik vir hulle belastinggeld in Suid-Afrika kry.

In Suid-Afrika betaal ongeveer 3 miljoen belastingbetalers feitlik al die persoonlike inkomstebelasting van die land. Die Suid-

Afrikaanse regering hanteer hierdie belastingbetalers se swaarverdiende geld met minagting eerder as ontsag.

Die verslag sal aandui hoe afhanklik die Suid-Afrikaanse regering werklik van hierdie klein groep belastingbetalers is asook watter waarde (indien enige) hierdie belastingbetalers vir hulle bydraes ontvang.

- *Bekendstelling van 'n Belastinggids*

Weens die swaar belastinglas waaronder Suid-Afrikaanse burgers gebuk gaan tesame met die vermorsing en plundering van belastinggeld deur die Suid-Afrikaanse regering is dit krities dat alle burgers moeite moet doen om so min as moontlik belasting aan die staat te betaal.

Solidariteit gaan 'n gids vrystel wat lede sal help om sover as moontlik wettig hulle belastinglas te verminder.

Beskerming van inkomste

- *Solidariteit se platform word aktief uitgebrei tot 'n gemeenskapseconomie wat mekaar versterk*

Solidariteit gaan digitale gemeenskapsentrums bekendstel wat gemeenskappe op plaaslike vlak organiseer. Die doel is om die plaaslike gemeenskapseconomie te stimuleer en om mekaar te help om in die gemeenskap waar jy bly werk te verskaf.

'n Reuse-sosialemediaplatform van Solidariteit gaan bekendgestel word wat mense gaan help om mekaar te help. Dit gaan sterk ondersteunend wees tot 'n gemeenskapseconomie om mekaar sterk te maak.

Ekonomie tussen Afrikaners gaan gestimuleer word.

Handel binne die kultuurgemeenskap gaan help om veral klein ondernemings te help groei.

Dit gaan opgevolg word met aanlyn gemeenskapsentrums wat die plaaslike ekonomie in Afrikanergemeenskappe gaan stimuleer.

Afrikaners wil, kan en gaan mekaar ekonomies help.

- *Kanton stel beleggingsgeleenthede vir die publiek oop*

Kanton fasiliteer die verhouding tussen kultuur en kapitaal, en skep leefruimtes vir Afrikaans.

Kanton het reeds Sol-Tech se kampus en koshuis gebou met goeie opbrengs vir beleggers.

Die volgende groot projek van Kanton is die Akademia-kampus wat sowat R3,2 miljard gaan beloop en die bou van die Gimnasium se onafhanklike skole-konsessienetwerk.

Kanton bied nie net 'n kulturele opbrengs vir die Afrikaanse gemeenskap nie, maar ook 'n goeie finansiële opbrengs.

Beleggings in Kanton gaan teen 31 Maart 2026 moontlik gemaak word vir goeie beleggings wat plaaslike risiko's kan help verskans.

Ons gaan self in ons kultuur belê en die finansiële sowel as kulturele dividende daarvan ontvang.

Beskerming van inkomste

- *Die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) stel 'n verslag oor die Afrikanerdemografie bekend*

Hoe meer gekonsentreerd Afrikaners woon, hoe beter kan hulle saamstaan en mekaar help.

Afrikaners in die algemeen en Solidariteit-lede spesifiek is wyd oor die land versprei.

Die migrasie van Afrikaners het reeds begin. Afrikaners stroom vanaf die platteland na streeksdorpe, stede en spesifieke buurte in stedelike areas.

Teen die einde van 2025 gaan die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) 'n verslag oor die Afrikanerdemografie bekendstel wat die migrasie beter beskryf en voorspel vir toekomsbeplanningsdoeleindes.

Waar Afrikaners verdig kan die nodige kulturele infrastruktuur maklik en kostedoeltreffend opgerig word (skole en ander opleidingsinstellings asook veiligheid-, maatskaplike- en ander gemeenskapstrukture).

Afrikaners wat gekonsentreerd bly kan ook werk en koopkrag tussen mekaar fasiliteer.

Solidariteit gaan saam met die Solidariteit Beweging konsentrasie van Afrikaners aanmoedig en help om "Ons sal self"-strukture te vestig sodat gemeenskappe vry, veilig en voorspoedig kan leef.

Dit sal veroorsaak dat hele Afrikanergemeenskappe nouer sal kan saam werk om mekaar te beskerm.

'n Opname oor die

AFRIKANER

se kultuur en welstand



4

Beskerming van internasionale verhoudinge

Donald Trump het Suid-Afrika in Februarie 2025 internasionaal onder die soeklig geplaas. Suid-Afrika se Mandela-wittebrood is behoorlik verby, en die wêreld kyk koud en klinies na die ANC se vrot beleid en korrupsie.

Die Suid-Afrikaanse regering is aan die slaap en uit hulle diepte gevang in die internasionale storm wat Donald Trump op hulle ontketen het.

Agoa

Suid-Afrika geniet tans die ekonomiese voordeel van vrye toegang tot die Amerikaanse verbruiker deur die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (Agoa-ooreenkoms).

Miljarde rande se goedere word onder dié ooreenkoms uitgevoer na die VSA. Hierdie ekonomiese aktiwiteit het honderde duisende werkseleenthede in Suid-Afrika geskep.

Onder die Trump-administrasie lyk dit toenemend minder asof die Agoa-ooreenkoms hernu gaan word. Indien die ooreenkoms met Afrika hernu word is die kanse skraal dat Suid-Afrika steeds deel van die ooreenkoms gaan mag wees.

Suid-Afrika hanteer die VSA al 'n geruime tyd as 'n vyand eerder as 'n vriend. Die gevolge hiervan is wye steun onder beide Republikeine en Demokrate in die Amerikaanse kongres om die VSA se verhouding met Suid-Afrika te hersien.

Die ANC-regering het die verhouding met die VSA nie net versaak nie, maar in sommige gevalle aktief verswak.

Al hierdie faktore maak dit onwaarskynlik dat Suid-Afrika langtermynvoordeel uit Agoa gaan put en ons moet ons daarop voorberei dat dié ooreenkoms binnekort van die baan behoort te wees.

Tariewe

Die VSA het nuwe ekonomiese beleid ingeslaan onder president Donald Trump wat die breedvoerige gebruik van invoertariewe behels.

Prakties het die Trump-administrasie tariewe begin gebruik as diplomatieke instrument ten einde verandering deur te druk in state wat hulle teenstaan.

Siende dat die ANC-regering hulleself deurentyd in direkte opposisie met die VSA se belange gaan plaas het moet daar verwag word dat Suid-Afrika die teiken van verdere tariewe behoort te word.

Beskerming van internasionale verhoudinge

Met die aanvanklike instel van tariewe het verskeie ander state onmiddellik na die VSA uitgereik ten einde hulle burgers se belange te beskerm. Die ANC-regering sleep egter steeds hulle voete in skakeling met die Trump-administrasie en toon geen dringendheid of erns om die verbrokkelde verhouding met die VSA te herstel nie.

Die huidige stand van die verhouding tussen die VSA en Suid-Afrika maak dat 'n mens die ekonomiese werklikheid van wesenlike tariewe moet verreken.

Aksieplanne

Hierdie onvermoë van die Suid-Afrikaanse regering om noemenswaardig te reageer op die internasionale uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar hou wesenlike risiko's vir Solidariteit-lede se werk in. Ons gaan wel nie net terugsit en kyk hoe die ANC die krisis wanbestuur nie.

Solidariteit gaan internasionaal ons lede beskerm deur die volgende:

- *Opvolgtoer na die VSA om bilaterale verhoudings te beskerm*

Solidariteit sal steeds voortgaan met gesprekke met die VSA om, ten spyte van die regering, te poog om Suid-Afrika se verhouding met die VSA te behou.

Indien die verhouding op regering-tot-regeringvlak misluk, sal gesprekke met die Amerikaanse regering gevoer word om bilaterale ooreenkomste direk met Solidariteit en ander instellings te sluit.

Terselfdertyd sal Solidariteit met die instellings in die VSA praat oor sektorale ooreenkomste.

Solidariteit gaan deurentyd vanuit Suid-Afrika met die VSA skakel om verhoudings te probeer normaliseer.

- *Skakeltoer met Afrika-lande en maatskappye*

Afrikaners in die algemeen en Solidariteit-lede spesifiek is hoogs geskoolde mense wat oor skaars vaardighede beskik.

Afrika het enorme ekonomiese potensiaal en 'n geweldige honger na vaardighede ten einde ekonomiese groei te bewerkstellig. Afrika het groei geprioritiseer eerder as eenogige rassewette en anti-Westerse sentiment.

Daar is enorme geleenthede vir Afrikaners in Afrika.

Solidariteit gaan direk met Afrika-lande en maatskappye in Afrika skakel oor verskaffing van vaardighede.

Beskerming van internasionale verhoudinge

Solidariteit sal ook kyk na sakegeleenthede vir klein en medium sakeondernemers.

As 'n gemeenskap in Afrika is bande met Afrika noodsaaklik. Solidariteit gaan die pad oopkap vir ons lede en gemeenskap.

- **Deelname aan openbare debat tydens die G20-beraad**

Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid is onvriendelik en vyandig teenoor sy eie burgers, maar veral teenoor internasionale beleggers.

Die G20-beraad is 'n eens-in-'n-leeftyd-geleentheid om belegging na Suid-Afrika te lok. Ongelukkig lyk dit tans of die Suid-Afrikaanse regering vasberade is om die geleentheid mis te loop teen groot koste vir gewone burgers.

Veral in die aanloop tot die G20-beraad gaan Solidariteit vra vir internasionale druk op Suid-Afrika, sodat die nodige beleidsveranderinge aangebring kan word om die land meer beleggingsvriendelik te maak.

Die fokus van die internasionale druk is om die Suid-Afrikaanse regering te dwing om eiendomsreg te verseker, om beperkende en nuttelose rassewette af te skaf en om minderheidsregte te laat realiseer.

Suid-Afrika se rassewette veral, is een van die grootste beperkers van groei en werkskepping in die land.

Dit bevoordeel slegs 'n klein elite ten koste van die oorgrote meerderheid werkers, swart en wit.

Met Starlink as voorbeeld het die Suid-Afrikaanse regering getoon dat hulle eerder 'n paar swart miljoenêrs in swart multi-miljoenêrs wil verander as om vir die res van Suid-Afrika goedkoper internet te gee.

Suid-Afrika is een toespraak weg van ongekende ekonomiese welvaart vir alle burgers.

Belegging beteken werkskepping en welvaart – dit is goed vir Solidariteit-lede, maar ook vir almal in ons mooi land.

Die boodskap is duidelik, ons is hier om te bly!



**“SOLIDARITEIT STAAN OP
TEEN RASSE-
WETTE”**

Met 'n Regsfonds van R7 miljoen, klagtes by die
Verenigde Nasies en internasionale druk op die
regering, word jou reg op werk beskerm.

**“SOLIDARITEIT
ONDERHANDEL
OOREENKOMSTE EN
PLAAS DIPLOMATIEKE
DRUK OP DIE REGERING”**

**BESKERMING
VAN OPLEIDING**

BEPLANNING VIR EIE OPLEIDINGSINSTELLINGS
SOOS SKOLE EN MEER KAMPUSSE
VIR TERSIËRE STUDIE WORD DRASTIES BESPOEDIG



SOLIDARITEIT

HOOP VIR 'N NUWE TOEKOMS